

## DIE SLAG VAN TWEEBOSCH, 7 MAART 1902

Leopold Scholtz

### 1. Die Militêre Situasie in Maart 1902

Dit is Maart 1902 en die Tweede Vryheidsoorlog nader snel sy einde. Die sowat 21 000 Boere wat nog in die veld is wend wanhopige pogings aan om vas te skop en die wêreld vir die Engelse nog so moeilik moontlik te maak.

Dit ly egter geen twyfel dat die Engelse krygsmagte die Boere teen hierdie tyd in 'n wurggreep vas het nie. Nadat lord Kitchener die opperbevel in Suid-Afrika in Desember 1900 oorgeneem het, het hy met 'n intensiewe kampanje begin om die wydverspreide guerilla-oorlog die nek in te slaan.

In die eerste plek het hy die Republieke in "kampe" begin opdeel deur blokhuislinies kruis en dwars oor die twee state op te rig. Hierdie beleid was daarop gerig "to divide the country up into paddocks by lines of blockhouses and so restrict the area in which (the) Boers could operate".<sup>1</sup> Gepaard hiermee is groot dryfjagte onderneem om die Boere teen die blokhuislinies vas te druk en hulle so te probeer vang.<sup>2</sup>

Tweedens het Kitchener die Republieke radikaal ontvolk deur die vroue en kinders in konsentrasiekampe saam te bring.<sup>3</sup> Hierdeur is die Boere 'n uiters waardevolle inligtings- en bevoorrettingsbron ontneem. As in aanmerking geneem word dat guerillastryders altyd van die simpatie en hulp van die plaaslike bevolking afhanklik is, word dit duidelik dat Kitchener die Boere hierdeur 'n gevoelige slag toegedien het.

Tegelykertyd is die twee state ook grondig verwoes. Genl. J.H. de la Rey het die saak goed saamgevat toe hy in Desember 1901 aan pres. Kruger geskryf het: "Ons land ligt in een puinhoop".<sup>4</sup>

Van hulle kant het die Boere by twee geleenthede geprobeer om die inisiatief te herwin. In opvolging van planne wat op 27 Oktober 1900 te Syferfontein in Wes-Transvaal en 20 Junie 1901 naby Standerton gesmee is, is verskeie pogings aangewend om die Kaapkolonie en Natal op groot skaal binne te val. As gevolg van verskeie faktore wat nie nou ter sprake is nie, het dit grotendeels misluk. Die enigste konkrete sukses wat behaal is was die inval van genl. J.C. Smuts in Kaapland (September 1901) — 'n inval wat egter strategies gesien op 'n mislukking uitgeloop het.

Die gevolg was dat die Republieke se situasies algaande versleg het. Die enigste waartoe hulle nou nog in staat was, was om geïsoleerde Britse kolonnes aan te val en uit te skakel, soos bv. by Bakenlaagte (30.10.1901)<sup>5</sup> en Groenkop (25.12.1901)<sup>6</sup> gebeur het, maar selfs dit het na 'n tyd onmoontlik geword. As gevolg van die massale en intensiewe dryfjagte was sowel genl. Louis Botha as hoofkomdt. Christiaan de Wet

1. F.K. 1622, pp. 277 – 278, Kitchener — Brodrick, 5.7.1901 (T.A.).

2. Vgl. L.S. Amery (red.): *The Times History of the War in South Africa*, V (londen, 1906), pp. 262 – 263. (Voortaan aangehaal as *Times History*.)

3. Vgl. hieroor J.C. Otto: *Die Konsentrasiekampe* (Kaapstad, 1954).

4. *Ambtelijke Verslagen van Generaal J.H. de la Rey en Generaal J.C. Smuts, alsook andere Stukken betreffende den Oorlog in Zuid-Afrika, kort geleden ontvangen door de Boeren-vertegenwoordigers in Europa, en met hun Toestemming openbaar gemaakt* (Dordrecht, 1902), p. 3 (De la Rey — Kruger, Des. 1901).

Vgl. hieroor Leopold Scholtz: *Die Slag van Bakenlaagte, 30 Oktober 1901* (*Historia*, jaarg. 19, nr. 1, Mei 1974).

5. Vgl. C.R. de Wet: *De Strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), pp. 342 – 348.

verplig om hul operasieveld, die Oos-Transvaalse Hoëveld en die Noord-oos-Vrystaat onderskeidelik, te verlaat.<sup>7</sup>

Teen Maart 1902 was dit dus slegs in die Kaapkolonie en Wes-Transvaal waar daar nog betekenisvolle weerstand kon plaasvind. Albei streke het relatief gesproke minder las van lord Kitchener se strategie as die ander belangrike gebiede gehad. En dit is hier in Wes-Transvaal dat die laaste groot Boere-oorwinning behaal is — die slag van Tweebosch, 7 Maart 1902.

## 2. Die Voorspel

Op 25 Februarie 1902 het genl. J.H. de la Rey, sedert Julie 1900 opperbevelvoerder van alle Boeremagte in Wes-Transvaal, die Engelse 'n harde knou toegedien. Met meesterlike taktiek het hy 'n kolonne onder bevel van kol W.C. Anderson by Yster-spruit tussen Klerksdorp en Wolmaransstad bestorm en volkome in die pan gehak.<sup>8</sup> Vir die Britse opperbevel, wat gereken het dat die oorlog al so goed as gewonne was, het dit as 'n onaangename skok gekom. En toe hulle ook nog (waarskynlik foutiewe) inligting ontvang dat De la Rey van plan was om tussen Lichtenburg en Mafeking deur na Marico te trek, het hulle onmiddellik maatreëls begin tref om hom hok te slaan. Luit.-genl. lord Methuen, De la Rey se groot teenstander sedert die begin van die oorlog, sou hierdie operasie persoonlik aanvoer.


Met hierdie doel voor oë het Methuen verskeie bewegings van stapel gestuur. Kol. R.G. Kekewich in Wolmaransstad is beveel om 'n kolonne weswaarts na die plaas Rooirandjiesfontein (sowat halfpad tussen dié dorp en Vryburg) te stuur. Methuen sou self met 'n kolonne onder maj. A. Paris vanaf Vryburg ooswaarts na dieselfde bestemming vertrek. Kol A.N. Rochfort is gelas om met 'n kolonne van 1 000 berede infanteriste van die Vaalrivier in 'n noordelike rigting te trek. Methuen het gehoop dat Rochfort De la Rey voor hom sou uitdryf, reg in die arms van die twee kolonnes uit Mafeking en Wolmaransstad, wat hul intussen by Rooirandjiesfontein moes verenig.<sup>9</sup>

Kekewich het dadelik hierop gereageer en 'n kolonne van 1 600 goed toegeruste ruiters onder kol. H.M. Grenfell op 1 Maart vanaf Wolmaransstad laat vertrek. Grenfell het Rooirandjiesfontein 'n week later bereik<sup>10</sup>, maar van Methuen se kolonne wat hy daar volgens afspraak moes ontmoet, was daar geen spoor nie. Wat intussen met Methuen gebeur het, vorm die tema van hierdie verhaal.

Methuen self het Vryburg op 2 Maart met 'n kolonne van 1 300 man, vier kanonne, twee pom-poms en 39 osse- en 46 muilwaens verlaat.<sup>11</sup> Die kolonne was baie heterogeen saamgestel en het grotendeels uit onervare en onbetroubare berede infanteriste, koloniale vrywilligers en Kleurlingsoldate bestaan. Volgens die *Times History* was seker

7. Dr. G.S. Preller-versameling 10 (aanwins 787, T.A.), pp. 24—25, Botha — C. Brits en P.R. Viljoen, 12.2.1902; De Wet: *De Strijd tusschen Boer en Brit*, pp. 362—364.
8. Vgl. *Times History*, V, pp. 479—501; Britse amptelike *History of the War in South Africa*, IV (Londen, 1910), pp. 410—415 (voortaan aangehaal as *Official History*); M.A. Gronum: *Die Bitterreinders, 1901—1902* (Kaapstad, 1974), pp. 86—97.
9. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lieut.-General Lord Methuen on the Engagement at Tweebosch*, p. 3 (d.d. 13.3.1902).
10. *Times History*, V, p. 503; *Official History*, IV, p. 416. Ongelukkig vermeld geen bron wat van die kolonne van kol Rochfort geword het nie, maar daar kan aangeneem word dat hy sy opdrag uitgevoer het, hoewel uiteraard sonder gevolg.
11. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 3, 13.3.1902; *Times History*, V, p. 501.

twee-derdes van die mag "for fighting against De la Rey's veterans totally unsuitable".<sup>12</sup> Hierdie faktor was van die grootste belang en sou 'n besondere rol tydens die geveg speel.



12. *Times History*, V, p. 501.

Methuen het beplan om Rooirandjiesfontein teen 7 Maart te bereik. Maar as gevolg van swaar reëns wat in die omgewing van Vryburg gevallen het en die osse wat hierdeur uitgeput is, kon hy die eerste twee dae maar 21 en 9 km onderskeidelik afle. Hy moes kol Kekewich gevolglik in kennis stel dat hy 'n dag of twee laat sou wees.<sup>13</sup>

Op 5 Maart het die kolonne Barberspan bereik.<sup>14</sup> Hier het Methuen vir die eerste keer inligting ontvang dat daar Boere in die omgewing was.<sup>15</sup> Heelwaarskynlik was dit die Griekwalanders onder veggengl. J.A. van Zijl wat, soos hieronder uiteengesit sal word, 'n besondere rol toebedeel is.

Genl. De la Rey is reeds gou op die hoogte van die Engelse bewegings gebring en hy het direk die strategiese betekenis daarvan gesnap. Trouens, Methuen het waarskynlik reg in sy kaarte gespeel, want hy was in 'n uitstekende posisie om die situasie rustig deur te kyk en dan snel een van die kolonnes aan te val, voordat dit by 'n ander kon aansluit en so té sterk word. Methuen het hom dus in die geleenthed gestel om 'n klassieke voorbeeld van die strategie van interne linies toe te pas.

Vir De la Rey kon die keuse nie besonder moeilik gewees het nie. Die kolonnes van Grenfell en Rochfort het albei uit goeie en geharde soldate bestaan; dié van Methuen grotendeels uit onervare en onbetroubare troepe. In ooreenstemming met alle aanvaarde beginsels van die krygwetenskap het De la Rey gevolglik besluit om die vyand op sy swakste punt te tref — die kolonne van lord Methuen.<sup>16</sup>

Behalwe vir sy onbetwissbare gesonde militêre insigte, is hy waarskynlik ook deur 'n ander faktor beïnvloed. By hom was 'n ietwat vreemde figuur aanwesig, die bekende Nicolaas (Siener) van Rensburg. 'In een van sy veelvuldige visioene het Van Rensburg 'n rooi skilderbul van Vryburg sien kom, veglustig en met sy horings agressief na vore. Digby Barberspan begin sy horings egter te hang; hy word moeg. As die bul ten slotte by die Hartsrivier kom, is hy poenskop — sy horings is weg!'<sup>17</sup> Dit is bekend dat Van Rensburg 'n groot invloed op De la Rey gehad het en daar kan gevolglik aangeneem word dat Van Rensburg se visioen moontlik ook 'n uitwerking op De la Rey se beslissing gehad het.

In hierdie stadium was De la Rey nog glad nie bewus van die feit dat Methuen self by die kolonne aanwesig was nie. Dit sou hy eers tydens die geveg op 7 Maart uitvind. Die Boere was onder die indruk dat Methuen met verlof was.<sup>18</sup>

Hoe dit ook sy, ter voorbereiding van die voorgenome aanval het De la Rey genl. Van Zijl met sy Griekwalanders uitgestuur om die Engelse kolonne dop te hou en voortdurend prikaanvalle daarop uit te voer.<sup>19</sup> Van Zijl het 'n uiters belangrike taak gehad, want die sielkundige uitwerking van dergelike prikaanvalle op onervare troepe kan beslis nie onderskat word nie.

13. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 4, 13.3.1902.

14. Ibid.

15. *Times History*, V, p. 502.

16. Vgl. genl. J.H. de la Rey-versameling 2 (aanwins 313, T.A.), p. 36, De la Rey — De Wet, 13.3.1902; J.F. Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp "bokant" De Wet* (Rotterdam, s.j.), pp. 327—328.

17. B. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorlê deur genl. Koos de la Rey* (tweede uitgawe, Potchefstroom, 1965), p. 12; Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, pp. 336—337.

18. Preller-versameling 62, p. 194, herinneringe van C.G.S. Rocher, Vgl. ook De la Rey-versameling 2, p. 36, De la Rey — De Wet, 13.3.1902 en Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 327.

19. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorlê deur genl. Koos de la Rey*, p. 11.

Die waarheid hiervan is treffend op 6 Maart bewys, net voor Methuen die Hartsrivier bereik het. Van Zijl het weer een van sy snelle prikaanvalle op die agterhoede van stapel gestuur. Byna dadelik het sommige van die troepe in paniek geraak, sodat Methuen hom self na die agterhoede moes haas om die orde te herstel. "I found the men forming the rear screen which consisted of the 86th Company Imperial Yeomanry very much out of hand, and lacking both fire discipline and knowledge of how to act", het Methuen in sy verslag geskryf. Hy het dadelik twee kanonne ontbied om die Boere weg te dryf. Van Zijl het daarop in die rigting van die plaas Tweebosch geretireer, terwyl die kolonne op die plaas Leeuwspruit, by die saamvloeiing van die Groot- en Klein Hartsriviere halt geroep het.<sup>20</sup>

Maar Methuen het nog nie gerus gevoel oor Van Zijl se teenwoordigheid in sy direkte omgewing nie. Hy het gevolglik besluit om die Boere met 'n flankbeweging daar uit te dryf. Voordat die maneuver egter tot volle ontplooiing kon kom, het Van Zijl weer geretireer. Die Britte het daarop op Tweebosch kamp opgeslaan.<sup>21</sup>

Genl. De la Rey was baie ontevrede met Van Zijl se optrede. Sy bevel was nl. dat geen kommando die Engelse op dié dag lastig moes val nie. Hy wou nie dat die Engelse sy teenwoordigheid moes ontdek nie. Alle kommando's wat hy intussen opgeroep het, het huis op 6 Maart in die nabijheid gekonsentreer.<sup>22</sup> Dat hy hierin gelyk gehad het, blyk uit die feit dat Methuen die aand van 6 Maart inderdaad ingelig is dat Van Zijl hom met "a large concentration under De la Rey" verenig het.<sup>23</sup> Dog De la Rey het besluit om tog met sy planne deur te druk. 'n Tweede kans om dit uit te voer was daar waarskynlik nie.<sup>24</sup>

Dieselde aand is daar 'n krygsraadvergadering op die plaas Gunsteling, sowat nege kilometer suid van Methuen se kampplek, gehou.<sup>25</sup> Volgens De la Rey se verslag was daar sowat 700—800 burgers gekonsentreer.<sup>26</sup>

Hier het De la Rey sy bevele vir die volgende dag uitgedeel.<sup>27</sup> Genl. Van Zijl moes die Engelse teen dagbreek die volgende oggend met 80—100 man van agter aanpak. Die ander burgers is in 'n linie van drie kilometer lank 'n ent stroomop langs die walle van die Klein Hartsrivier geplaas, waارlangs De la Rey verwag het dat die Engel-

20. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 4, 13.3.1902.

21. Ibid.

22. Preller-versameling 62, p. 192, herinneringe van C.G.S. Rocher.

23. *Times History*, V, p. 503.

24. Preller-versameling 22, p. 192, herinneringe van C.G.S. Rocher.

25. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorlē deur genl. Koos de la Rey*, p. 19.

26. De la Rey-versameling 2, p. 36, De la Rey — De Wet, 13.3.1902; vgl. ook J.N. Brink: *Die Slag van Tweebosch*, p. 15 (*Die Huisgenoot*, 13.11.1942); dr. Karl von Reenenkampf: *De Vechtwijze der Boeren in het Westen van Transvaal*, III (*Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 11.1.1903) en Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 332. Ander bronne gee die Boere se getalle aan as 1100 (*Times History*, V, p. 504), 1500 (Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1903), 2000 (*Official History*, IV, p. 418) en 1200 (Gronum: *Die Bittereinders*, p. 99). Hierdie getalle moet egter verwerp word ten gunste van die getal wat in die teks genoem word.

27. Die Voorstelling van dr. Von Rennenkampf (*Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 11.1.1903) as sou genl. De la Rey sy bevele pas die volgende oggend uitgedeel het, is kennelik onjuis. Alle ander bronne praat van die aand van 6 Maart. Kyk voetnoot 28.

se sou trek. Die kanonne wat twee weke te Ysterspruit gebuit is, het geen spesifieke opdrag ontvang nie. Hulle moes volgens eie oordeel handel.<sup>28</sup>

'n Besonder belangrike aspek van De la Rey se krygsplan was die feit dat hy volgens 'n Russiese geneesheer wat hom by die Boere bevind het, dr. Karl von Rennenkampf, doelbewus 'n opening aan die Engelse gelaat het om te ontvlug.<sup>29</sup> As dit waar is — en die gebeure van 7 Maart skyn dit te bevestig — kenmerk dit De la Rey as 'n skitterende taktikus. Dit is 'n eenvoudige waarheid dat selfs onervare soldate soos vasgekeerde rotte kan veg indien hulle omsingel word en geen uitwykmoontlikheid het nie. Reeds 2 500 jaar gelede het die bekende Chinese militêre teoretikus Soen Tsoe geskryf: "Wanneer jy 'n leër omsingel, laat 'n opening vry. Moet nie 'n desperate vyand te hard onder druk plaas nie".<sup>30</sup>

Dit moet hier beklemtoon word dat Soen se gesegde nie noodwendig altyd toepaslik is nie. In bepaalde omstandighede, bv. met lord Roberts se omsingeling van genl. Piet Cronjé by Paardeberg in Februarie 1900, of met die omsingeling van die Duitse Sesde Leër by Stalingrad in Desember 1943, kan dit goeie vrugte afwerp. Maar De la Rey het nie tyd gehad vir 'n relatief langdurige beleg nie en sy doel was ook nie soseer om Engelse soldate te vang of dood te skiet nie. Sy doel was eerder om die Engelse walaer, wapens en voorrade met die mins moontlike verlies aan eie kant in die hande te kry. Hy het per slot van sake 'n guerillaoorlog gevoer. En deur aan die Engelse die kans te bied om te vlug, kon hy sy doel soveel makliker bereik.

Hierdie feit sluit nou aan by sy bevel aan die burgers om waar moontlik nie voor die walaer van hul perde af te spring nie, "maar hen van de paarden af moesten schieten en zoodoende door het lager moesten gaan om vijands paarden commando op te volgen".<sup>31</sup>

Een vraag bly nog in die lug hang. Hoe kon De la Rey weet dat die Engelse huis langs die Klein Hartsrivier wou optrek? In dié stellige wete het hy sy burgers per slot van sake opgestel. Volgens Spoelstra was dit omdat genl. Van Zijl 'n rapport van lord Methuen aan kol Kekewich onderskep het. Daarin sou Methuen berig het dat hy van plan was om langs die Klein Hartsrivier op te trek.<sup>32</sup>

Hierdie verklaring moet egter krities betrags word. Ons het reeds gesien dat die Boere totaal onbewus van Methuen se teenwoordigheid was en dat hulle dit eers tydens die geveg sou ontdek.<sup>33</sup> Indien Spoelstra se weergawe korrek is, beteken dit dat De la Rey reeds op 6 Maart van Methuen se teenwoordigheid op die hoogte moes geweet het, en dit was beslis nie die geval nie. Dit is wel moontlik dat maj. Paris, wat nominaal in bevel van die kolonne was, so 'n rapport kon gestuur het.

'n Ander verklaring is moontlik die volgende: pas nadat Methuen sy kamp op Tweebosch opgeslaan het, het hy dit weer laat afbreek en dit ietwat verder stroomop

28. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, pp. 19–20; Preller-versameling 62, p. 191, herinneringe van C.G.S. Rocher; Brink: *Die Slag van tweebosch*, p. 15 (*Die Huisgenoot*, 13.11.1942); Von Rennenkampf: *De Vechtwijze der Boeren* (*Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 11.1.1903); P.A. Nierstrasz: *Der Süd-Afrikanische Krieg*, II/7, p. 1428. (Lg. bron berus in die dr. W.J. Leydsargief, T.A.)
29. Von Rennekampf: *De Vechtwijze der Boeren*, III (N.R.C., 11.1.1903). Vgl. ook Nierstrasz: *Der Süd-Afrikanische Krieg*, II/7, p. 1428.
30. Aangehaal in B.H. Liddell Hart: *Strategy — the Indirect Approach* (tweede uitgawe, Londen, 1967), p. 12.
31. De la Rey-versameling 2, p. 37, De la Rey — De Wet, 13.3.1902.
32. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 20.
33. Vgl. die bronne genoem in voetnoot 18.

langs die Klein Hartsrivier laat versit.<sup>34</sup> Miskien het genl. De la Rey hieruit afgelei dat die Engelse die volgende oggend langs hierdie rivier sou voortbeweeg.

Dit sou die moeite loon om die militêre situasie met betrekking tot die kolonne van lord Methuen in hierdie stadium kortlik te ontleed. Sy posisie was bepaald nie benydenswaardig nie. Hy was wel bewus van 'n groot Boeremag onder genl. De la Rey in die omgewing, maar, aldus die *Times History*, "beyond that, all was uncertainty".<sup>35</sup> Kol. Grenfell se kolonne was die naaste bevriende mag, en dié was nou te Leeuwfontein, 'n volle 32 km verder ooswaarts verwyder.<sup>36</sup> Methuen was dus volkome geïsoleerd en met onervare troepe in die direkte nabijheid van 'n paar honderd Boereveterane. En dit het niks goeds vir hom ingehou nie.

### 3. Die Geveg

Vroeg die oggend van 7 Maart het die Engelse begin voorberei vir die mars na Leeuwkuil, 20 km noordwaarts langs die Groot Hartsrivier. Die osse- en muilwaens het reeds om 0300 uur vertrek, en die res van die kolonne 'n uur later.<sup>37</sup> Maar die kolonne was nie alleen nie. "During that time the force was being shadowed, as a file of coolies is followed by the Indian tiger, by the most formidable depredator in all the theatre of war".<sup>38</sup>

Teen dagbreek, om 0500 uur, was die situasie soos volg: die voorhoede wat uit die 39 ossewaens bestaan het was reeds naby die opstal van die plaas De Klipdrift, naby die walle van die Groot Hartsrivier. Die 46 muilwaens het sowat anderhalf kilometer verder terug gevolg, terwyl die agterhoede op 'n bult was wat ongeveer parallel met die Klein Hartsrivier loop (sien kaart).<sup>39</sup>

Opeens het 'n skerp sarsie geweervuur deur die vroeë oggendlug weerklink. Dit was Van Zijl en sy Griekwalanders wat hul afspraak nagekom het. Die vuur was so hewig dat Methuen dadelik teenmaatreëls moes tref. Hy het die twee kanonne van die 38ste battery onder luit. Thomas Nesham na die agterhoede gehaas, wat dan ook direk op die aanvallende Boere losgebrand het. Methuen het ook die ossewaens beveel om te halt en op die muilwaens te wag, met die doel om hulle saam verder te laat trek. Hy kon ewenwel nie heeltemal in sy doel slaag nie, "as the drivers [van die ossewaens] were lying under the wagons and refused to move". Die groep muilwaens het toe alleen in die rigting van 'n drif in die Groot Hartsrivier voortbeweeg.<sup>40</sup>

Die Boere-aanslag was besonder hewig. Methuen skryf self in sy verslag: "The Boers attacking the rearguard, had come on with great determination right amongst the rear screen ..."<sup>41</sup>

Maar wat het intussen van genl. De la Rey en die res van die hoofmag geword? Daar is reeds op gelet dat De la Rey die Britse marsroete langs die Klein Hartsrivier

34. Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 328; Brink: *Die Slag van Tweebosch*, p. 15 (*Die Huisgenoot*, 13.11.1942); Von Rennenkampf: *De Vechtwijze der Boeren*, III (N.R.C., 11.1.1903).

35. *Times History*, V, p. 503.

36. Ibid.

37. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 5, 18.3.1902.

38. *Official History*, IV, p. 418.

39. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 5, 18.3.1902; *Times History*, V, p. 504; Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 329.

40. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 5, 18.3.1902.

41. Ibid.

verwag, en sy burgers ook dienooreenkomsdig opgestel het. Dog Methuen het nie aan sy verwagtinge voldoen nie, maar in die rigting van die Groot Hartsrivier getrek. Waarom, is nie duidelik nie. Feit is dat De la Rey nou hopeloos uit posisie was.

Tevergeefs het die Boere hier gewag dat die kolonne by hulle moes verbytrek. Hulle het later bekommern begin word omdat, volgens Charles Rocher (een van De la Rey se adjudante) "niets in onze richting kwam en wy konden ook geen bericht krygen waarheen of de Engelschen waren getrokken." Intussen het die dag gebreek, toe hulle skielik skote in die rigting van die Groot Hartsrivier hoor. De la Rey het die burgers dadelik beveel om daarheen te beweeg. Pas in hierdie stadium het verkenners hom bereik en hom oor Methuen se werklike marsroete ingelig.<sup>42</sup>

Maar De la Rey was 'n te groeie taktikus om hom hierdeur uit die veld te laat slaan. In 'n uitgestrekte linie het hy die burgers stapvoets vorentoe laat beweeg, in die rigting van die slagveld. So goed was die dissipline onder die Wes-Transvalers, dat nie 'n enkele uitgesak het nie.<sup>43</sup>

Om ongeveer 0600 uur is hierdie linie vir die eerste keer deur die Engelse, wat nog steeds met genl. Van Zijl aan 't veg was, opgemerk.<sup>44</sup> Van Zijl se aanval het intussen sy momentum verloor, hoewel hy sy uiterste bes gedoen het om vol te hou. Om so 'n aksie met slegs 80 — 100 man meer as 'n uur lank vol te hou, is seker nie een van die maklikste opgawes om te vervul nie. Oplaas kon hy dit egter nie meer bolwerk nie en was hy verplig om te retireer.<sup>11a</sup>

Dit is in hierdie stadium dat De la Rey en die hoofmag hul verskyning bo-op die bult tussen die twee riviere gemaak het. Die Engelse agterhoede was nou reeds oor die kruin heen en op die helling wat na die kant van die Groot Hartsrivier afsak. Die hele kolonne, met uisondering van die muilwaens (wat reeds vooruit beweeg het), het nou een lang veglinie gevorm.<sup>45</sup>

"In een wijden halven kring de Engelschen omvademend stormden de Boeren het vuur tegemoet", het dr. Von Rennenkampf ná die oorlog geskryf.<sup>46</sup> Dit was nou 0630 uur.<sup>47</sup> Aan die linkerkant het hulle aansluiting gevind by Van Zijl se burgers wat intussen ook hul aanslag hernieu het, terwyl ander ruiters voor om die kolonne heen gejaag het om die Engelse van daardie kant in te sluit.<sup>48</sup> "Ik moet zeggen dat ik zoo iets nog nooit gezien heb", het De la Rey 'n paar dae later aan genl. De Wet geskryf. "God dien alle eer toekomt versterkte de harten onzer menschen zoo dat zij door de voetgangers heenjoegen ..."<sup>49</sup>

42. Preller-versameling 62, p. 192, herinneringe van C.G.S. Rocher. Die weergawe van Spoelstra (p. 24) en Gronum (p. 100) as sou De la Rey reeds vroeg die oggend op die hoogste gestel is, is kennelik foutief. Die feit dat die hoofmag pas om 0600 uur deur die Engelse opgemerk is (Cd. 967, p. 5) en dat die rit van die Klein Hartsrivier na die slagveld sowat driekwartier tot 'n uur geduur het (vgl. Spoelstra, p. 26 en Rocher, p. 192), bewys dat De la Rey inderdaad pas teen sonop (0500 uur) of later ingelig is.
43. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 26; Preller-versameling 62, p. 192, herinneringe van C.G.S. Rocher. Vgl. ook Von Rennenkampf: *De Vechtwijze der Boeren*, III (N.R.C., 11.1.1903) en P.S. Lombard: *Uit die Dagboek van 'n Wildeboer*. (g.p., s.d.), p. 151.
44. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 5, 13.3.1902.
- 44a. Preller-versameling 62, p. 193, herinneringe van C.G.S. Rocher.
45. Vgl. Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 329.
46. Von Rennenkampf: *De Vechtwijze van Boeren*, III (N.R.C., 11.1.1903).
47. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1902.
48. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 29; Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 329; Preller-versameling 62, p. 193, herinneringe van C.G.S. Rocher.
49. De la Rey-versameling 2, p. 37, De la Rey — De Wet, 13.3.1902.

Met die stormloop het die Engelse sowat 140 perde van die Boere doodgeskiet. Hierdie Boere het daarop nagenoeg 400 – 600 treë van die Engelse verdedigingslinie platgeval en 'n hewige geweervuur geopen.<sup>50</sup>

Die *Times History* beweer dat De la Rey "had thrown forward three successive lines of skirmishers, the fourth line firing from the saddle, galloped straight home ..." <sup>51</sup> Vanuit die Britse laer mag dit miskien so gelyk het, maar daar is geen getuienis uit die bronne aan Boerekant om dit te staaf nie, sodat hierdie verhaal waarskynlik na die ryk van fabels verwys moet word.

Vrywel onmiddellik ná die impak van die Boerestormloop het die koloniale vrywilligers geknak en in paniek op die vlug geslaan. Die onervare berede infanteriste, wat 'n paar minute vantevore deur maj. Paris beveel is om die linieregs agter te verstrek, was huis daarheen op pad toe die koloniale vrywilligers op die vlug slaan. Onervare soos hulle was, is hulle deur die paniek aangestek en wyd en syd het hulle voor die juigende en skreeuende Boere uitgevlug.<sup>52</sup>

Vasberade is die vlugtende Engelse agtervolg en stelselmatig ingehaal, gevange geneem of genadeloos afgemaai. "Wy zagen hoe de gewonden en doden op een lang streep liggen waarzy hadden gevlycht", skryf Rocher, wat self aan die agtervolging deelgeneem het.<sup>53</sup> Die agtervolging is tot op die plase Taaiboschpan en Springbokpan voortgesit.<sup>54</sup>

Intussen is ook die mulwaens net anderkant die drif in die Groot Hartsrivier voorgekeer en gevange geneem.<sup>55</sup>

By die res van die kolonne het die geveg nog steeds in alle hewigheid voortgewoed. Ná die vlug van die berede infanterie en koloniale vrywilligers was die artilleriestukke en voetsoldate heeltemal geïsoleer. Methuen het self die verdediging hier aangevoer.<sup>56</sup>

Die Boere het ingedring tot 400 – 600 treë van die Engelse af en hulle kwaai onder dielood gesteek.<sup>57</sup> Veral die artilleriste, wat hulle besonder dapper verweer het, het dit swaar te verduur gehad. 'n Boereskerpskutter, Willem Richards, het op sy maag tot agter die kanonne gekruip en ses artilleriste daarvandaan doodgeskiet.<sup>58</sup> "It was a dreadful sight around the guns, just like a slaughter-house", het 'n Britse onderkorporaal later geskryf. "I have never seen men work as hard in my life. They kept on firing the guns under the heaviest fire that I have ever been under, never seeming to heed their dead comrades or horses ..." <sup>59</sup>

50. Ibid.; Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 30; Preller-versameling 62, p. 193, herinneringe van C.G.S. Rocher; Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1902.

51. *Times History*, V, p. 505.

52. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1902; *Times History*, V, pp. 505 – 506; *Official History*, IV, p. 418; Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 329; Lombard: Uit die Dagboek van 'n Wildeboer, p. 151.

53. Preller-versameling 62, p. 194, herinneringe van C.G.S. Rocher.

54. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 39.

55. Ibid.; Gronum: *Die Bittereinders*, p. 102.

56. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, pp. 5 – 6, 13.3.1902. =

57. Ibid.; Spoelstra: *Lord Methuen uitoorle deur genl. Koos de la Rey*, p. 30.

58. Brink: *Die Slag van Tweebosch*, p. 15 (*Die Huisgenoot*, 13.11.1942).

59. Aangehaal in H.W. Wilson: *After Pretoria — the Guerilla War*, II (G.p., 1902), p. 954.

Die laaste oorlewende kannonier was luit. Thomas Nesham, bevelvoerder van een van die artillerieseksies: Hy het geweiер om in te gaan op 'n sommering om hom oor te gee en is doodgeskiet.<sup>60</sup>

Lord Methuen het intussen die hopeloosheid van sy posisie ingesien. Blybaar in die hoop dat daar nog iets te redde was het hy maj. Paris en 40 man beveel om 'n vekraal hoër op in die rigting van die plaas Leeuwkuil te beset. Dit is gedoen.<sup>61</sup>

Eers nadat die laaste artilleriste gesneuwel het, het Methuen die kanonne verlaat en hom by die oorblywende infanterie gevoeg. Die verdere gebeure is soos volg deur 'n ooggetuie beskryf: "He came over to us and stood about fifteen yards from where I was. Five minutes later he got his first wound — in his right side — and then tried to mount his horse. I do not know what he was going to do, but his horse was hot in the leg and he had to get off. A few minutes later he got his second wound — in the thigh — and lay down, as if nothing had happened. His horse was shot dead immediately afterwards, falling on him and breaking his leg".<sup>62</sup>

Met Methuen buite aksie het alle verdere weerstand verkrummel en teen 0930 uur was die geveg hier verby.<sup>63</sup> Kort daarna het genl. De la Rey op die toneel opgedag en het die twee opponente mekaar vir die eerste keer van aangesig tot aangesig beskou. Die gesprek wat hierop gevolg het is welbekend en dit is slegs interessant om 'n enkele uitspraak van De la Rey aan te haal. In reaksie op 'n opmerking van lord Methuen oor die buit wat sy teenstander in die hande gekry het, het De la Rey uitgebars: "Wat! Buit! Buit! Buit! Buit be damned! Ek veg nie vir buit nie. Ek veg vir my land en volk. Vir my part kan hulle die buit op 'n hoop dra en aan die brand steek!"<sup>64</sup>

Maar die geveg was nog nie heeltemal op 'n einde nie; maj. Paris en sy 40 man het nog steeds in die vekraal uitgehou. Terwyl De la Rey nog met Methuen aan die praat was, het hy die penkop Japie de Villiers opdrag gegee om Paris met die twee kanonne wat te Ysterspruit gebuit is te laat bestook.<sup>65</sup> Die bevel is uitgevoer en teen 1000 uur moes ook Paris en sy handjievol soldate die witvlag hys.<sup>66</sup>

Ná vyf uur se harde stryd was die Boere eindelik meesters van die slagveld.

#### 4. Afloop en Konklusie

Dat die geveg besonder hewig was, word al uit die verliessyfers van beide kante duidelik. Die Boere het nege gesneuweldes en 26 gewondes te betreur gehad, terwyl die Britse ongevalle 68 gedood en 121 gewond was.<sup>67</sup> Daarbenewens het die Boere vier kanonne, twee pom-poms, meer as 500 perde en natuurlik ook alle osse- en muilwaens en die voorrade daarop buitgemaak.<sup>68</sup>

"General Delarey treated myself and the prisoners with the greatest kindness",

60. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1900; *Times History*, V, p. 506; *Official History*, IV, p. 418.
61. Britse blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1900.
62. Aangehaal in Wilson: *After Pretoria — the Guerilla War*, II, p. 955.
63. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1900.
64. Spoelstra: *Lord Methuen uitoorlē deur genl. Koos de la Rey*, p. 45.
65. J. Meintjes: *De la Rey — Lion of the West* (Johannesburg, 1966), p. 236.
66. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1902; *Official History*, IV, p. 420
- Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, p. 331.
67. De la Rey-versameling 2, p. 38, De la Rey — De Wet, 13.3.1902; *Times History*, V, p. 508.
68. De la Rey-versameling 2, p. 37, De la Rey — De Wet, 13.3.1902.

skryf lord Methuen in sy verslag.<sup>69</sup> Aan lady Methuen het De la Rey die volgende telegram gestuur: "Ik geef u kennis dat, na een strijd van twee en eenhalf jaar tusschen mij en Lord Methuen in een harde gevecht op den 7den Maart hij gewond in zij been met zijn geheel leger in mijn handen viel. Hij gaan goed vooruit en (ik) zal hem zoo spoedig mogelijk met zijn doctor opzenden naar Klerksdorp".<sup>70</sup> Methuen is deur sy eie dokter verpleeg en vyf dae later op vrye voet gestel.<sup>71</sup>

De la Rey se beslissing om Methuen vry te laat het heftige reaksies by die burgers teweeggebring, iets wat, gesien die Britse metode van oorlogvoering, nie te verwonder was nie. Ná 'n opsweepende preek van eerw. Roux, 'n sendeling by die Boere, het hulle geëis dat hy teruggehaal en op aanklag van oorlogsmisdade bereg word. De la Rey het Methuen, wat nog op weg na Klerksdorp was, onmiddellik laat halt en 'n krygsraad belê. In die vergadering het hy die heethoofdiges met harde woorde gekonfronteer en hulle van die wysheid van sy stap oortuig. Methuen is daarna toegelaat om sy reis voort te sit.<sup>72</sup>

Met hierdie stap het genl. De la Rey hom nie alleen as 'n goeie veldheer bewys nie, maar ook as 'n grootmoedige oorwinnaar.

Wat was nou die uitwerking en betekenis van die slag van Tweebosch?, "It was long since so complete a catastrophe had befallen British arms", is the *Official History* se kommentaar. "Tweebosch sent the star of De la Rey, which after much wavering had been for some time been in the ascendant, up to its zenith".<sup>73</sup> Toe lord Kitchener van die neerlaag hoor, het hy totaal ineengestort. 'n Volle 36 uur lank het hy sonder ete en drinke in die bed gebly, voordat hy sy werksaamhede weer hervat het.<sup>74</sup>

De la Rey self het die saak só opgesom in 'n brief aan genl. De Wet: "Ik mag u zeggen dat het nemen van die twee lagers [d.w.s. by Ysterspruit en Tweebosch] myne handen zeer gesterkt hebben, niet alleen door de paarden en grofgeschut maar ook met ammuniteit".<sup>75</sup>

Inderdaad het die oorwinning by Tweebosch die Boere heelwat voordeel op die kort termyn besorg. Hulle het veel gebaat deur die groot hoeveelhede perde, ammunisie en ander voorrade wat hulle buitgemaak het. Hulle is ongetwyfeld ook moreel versterk. Maar op die lange duur het dit geen vooruitgang vir die Boeresaak beteken nie. Immers, minder as drie maande later is die Vrede van Vereniging gesluit waarby die twee Boererepublieke hul onafhanklikheid moes prysgee.

Hoewel Tweebosch dus 'n skitterende taktiese oorwinning vir die Boere was, het dit strategies besien sonder gevolg gebly. Vir die militêre historikus is dit nogtans noodsaaklik om met behulp van die krygswetenskap na te gaan welke faktore verantwoordelik vir genl. De la Rey se oorwinning was.

In die eerste plek moet die Boeregeneraal se strategiese benadering tot die geveg genoem word. In hierdie geval het hy die keuse van drie kolonnes gehad om aan te

69. Britse Blouboek Cd. 967: *Report by Lord Methuen*, p. 6, 13.3.1902.

70. De la Rey-versameling 2, De la Rey — lady Methuen, s.d.

71. Ibid., p. 38, De la Rey — De Wet, 13.3.1902.

72. J.D. Kestell: *Met de Boeren-Commando's — Mijne Ervaringen als Veld-Prediker* (Amsterdam, s.j.), pp. 218—219; Naudé: *Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp*, pp. 335—336; Spoelstra: *Lord Methuen uitoorlê deur genl. Koos de la Rey*, pp. 47—48.

73. *Official History*, IV, p. 420.

74. Philip Magnus: *Kitchener — Portrait of an Imperialist* (Londen, 1958) pp. 187—188.

75. De la Rey-versameling 2, p. 38, De la Rey — De Wet, 13.3.1902.

val. Sy keuse het wyslik op die swakste kolonne geval — volkome in ooreenstemming met die beginsels van die strategie.

Die krygswetenskap eis van 'n veldheer dat enige offensiewe optrede teen die *swakste* punte van die vyand geskied. 'n Aanval teen die *sterkste* punte — soos bv. voortdurend tydens die Eerste Wêreldoorlog plaasgevind het — kan uiteindelik wel sukses oplewer, maar alleen ten koste van veel moeite en bloedige verliese. Genl. sir Redvers Buller se stormram-taktiek teen die Republikeinse kommando's aan die sterk Tugelalinie in Natal is 'n verdere bewys hiervan. Deurdat De la Rey besluit het om die swakste kolonne aan te val het hy bewys dat hy hierdie elementêre beginsel van die krygswetenskap begryp het, sonder dat hy ooit enige militêre opleiding ontvang het.

In aansluiting hierby moet opgemerk word dat hy die Engelse in 'n geïsoleerde posisie aangeval het. Daar was dus geen kans dat hulle versterk kon word nie. So het De la Rey se strategie dan die voorwaardes vir taktiese sukses geskep.

'n Tweede faktor was die Boere se goede verkenning. De la Rey was steeds op die hoogte van die Britte se bewegings en kon hul voornameens op grond daarvan korrek voorspel. Daar was slegs één uitsondering, nl. toe lord Methuen op 7 Maart onverwags 'n ander roete gekies het as dié waarop De la Rey gereken het. Veel voordeel het dit die Brit egter nie besorg nie, want De la Rey kon snel genoeg daarop reageer om die nuwe situasie te akkomodeer.

Anders was dit in die geval van Methuen. Methuen is pas op die aand van 6 Maart oor De la Rey se teenwoordigheid ingelig, en selfs toe het hy nie geweet hoe sterk die Boere was, of wat hulle planne was nie.

In die derde plek moes De la Rey se skitterende krygsplan genoem word. Hy het met opset 'n vlugroete aan die Engelse vrygelaat en so verseker dat hul weerstand verminder sou word. Hierdeur is die berede infanterie en koloniale vrywilligers per slot van sake die kans gebied om met agterlating van die konvooi en kanonne te vlug. 'n Totale omsingeling van die konvooi sou sy oorwinning waarskynlik slegs bemoeilik het.

Laastens is 'n vergelyking tussen die twee strydkragte se gevegspotensiaal sinvol. Daar is reeds aangedui dat die Engelse kolonne grotendeels uit onervare en onbetroubare troepe bestaan het. Dit is tydens die geveg deeglik bewys.

Aan die ander kant het genl. De la Rey en sy offisiere teen hierdie tyd reeds daar-in geslaag om seker die bes gedissiplineerde stryd mag aan Boerekant op te bou. In ander dele van die Republieke het die offisiere nog steeds te doen gehad met burgers wat eenvoudig geweier het om hul bevele uit te voer. Dit was bv. sowel by Bakenlaagte tussen Bethal en Middelburg (30 Oktober 1901) as by Kalkkrans tussen Reitz en Vrede die geval.<sup>76</sup> Maar hier by Tweebosch het — sover ons uit die bronne kan opmaak — geen enkele burger sy plig versuim nie, iets wat beslis 'n vleiende lig op die leierskap van genl. De la Rey werp.

So het die laaste groot Boere-oorwinning van die Tweede Vryheidsoorlog dan afgeloop. Die Republieke het die oorlog wel verloor, maar seges soos Tweebosch sal altyd prominent in die annale van die Suid-Afrikaanse krygsgeskiedenis opgeteken bly staan.

---

76. Vgl. S.W. Burger-versameling 1 (aanwins 412, T.A.), Louis Botha — wnd. pres. Burger, 30.10.1901; De Wet: *De Strijd tusschen Boer en Brit*, pp. 359—360.